Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

HCert Sportwetenskap Opvoedkunde (10110019)

Duur van studie	1 jaar
Totale krediete	120
Kontak	Dr F Rossouw france.rossouw@up.ac.za +27 (0)124206116

Programinligting

Die sertifikaatprogram verskaf ‘n basis vir kennis- en vaardigheidsontwikkeling vir die verbetering van sportprestasie dmv fisieke evaluering, oefening-/ kondisionerings-voorskrifte en navorsing. Die doel is om wêreldklas afrigters te ontwikkel wat suksesvol in ‘n interdissiplinêre omgewing kan funksioneer om sodoende atlete en sportspanne se prestasie te verbeter deur die gebruik van die nuutste tegnieke en navorsing. Daar word dus gestreef na internasionaal erkende akademiese uitnemendheid met plaaslike relevansie. Die program sal ‘n ideale leeromgewing skep deur die gebruik van lesings, tutoriale, praktiese sessies en probleemoplossingsgeleenthede. Studente sal hul opleiding van kundiges in die veld van sportwetenskap en afrigting ontvang. Studente sal die geleentheid gebied word om met verskeie sportkodes en sportlui op verskillende vaardigheidsvlakke te werk. Studente wat die program suksesvol voltooi en verder wil studeer, kan aansoek doen vir die BA (Sport en Vryetydstudies) Opsie: Sportafrigtingprogram in die Fakulteit Geesteswetenskappe, of die BEd-graad in die Fakulteit Opvoedkunde, met dien verstande dat 'n student in besit is van 'n NSS en aan die minimum vereistes vir toelating tot 'n baccalaureusgraad voldoen..

Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat in besit is van ‘n sertifikaat wat deur die Universiteit beskou word as ekwivalent aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met universiteitsvrystelling, ‘n kandidaat wat aan ‘n ander tersiêre instelling gegradueer het of aan wie die status van ‘n gegradueerde van sodanige instelling toegeken is, en ‘n kandidaat wat aan ‘n ander fakulteit aan die Universiteit van Pretoria gegradueer het.
- Lewensoriëntering word van die TPT-berekening uitgesluit.
- Graad 11 se finale-eksamenuitslae, die Nasionale Normtoets (National Benchmark Test – NBT) se uitslae en ‘n Toegevoegdewaardevraelys sal vir die voorlopige toelating van voornemende studente gebruik word.
- Toelating tot Gesondheidswetenskappeprogramme is onderhewig aan ‘n keuringsproses.
- Aansoeke van internasionale kandidate wat van lande kom met mediese opleidingskole sal nie oorweeg word vir plasing in die MBChB program nie, behalwe waar interregeringssamewerkingsooreenkomte in plek is.
- Die som van die uitslae van ses vakke, waaronder Engels, Wiskunde en Fisiese Wetenskap, word vir keuringsdoeleindes bereken.
- Kandidate, neem asseblief kennis dat jou TPT nie met meer as twee punte mag daal in die uitslae van jou finale skooleksamen nie ten einde jou voorlopige toelating te behou.
- NEEM ASSEBLIEF KENNIS dat voldoening aan die minimum toelatingsvereistes nie noodwendig toelating tot enige program in hierdie Fakulteit waarborg nie.
- Navrae oor keuring kan gerig word aan healthapplications@up.ac.za.
- Keuring is gebaseer op Graad 11-uitslae en Graad 12-sportprestasies. Let asseblief daarop dat aansoekers wat

deur een van die amptelike UP-sportklubs genomineer is, voorkeur sal geniet vir toelating tot die Hoër Sertifikaat in Sportwetenskap.

Minimum toelatingsvereists vir 2017				
Prestasievlak				**APS**
Afrikaans of Engels				
NSC/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	
4	3	D	D	15

Addisionele vereistes

*Studente wat in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is, is verplig om VAG 110 en VAG 125 te neem.

Studente wat nie in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is nie, is verplig om taalmodules ter waarde van 12 krediete uit die lys van taalmodules te neem.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 120

Fundamentele modules

Akademiese inligtingbestuur 101 (AIM 101)

Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Teologie Fakulteit Veeartsenykunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Verkry, evalueer, verwerk, bestuur en bied inligtingsbronne vir akademiese doeleindes aan deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie. Pas effektiewe soekstrategieë toe in verskillende tegnologiese omgewings. Demonstreer die etiese en regverdige gebruik van inligtingsbronne. Integreer 21ste-eeuse kommunikasie met die bestuur van akademiese inligting.

Academic literacy 110 (ALL 110)

Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Teologie
Voorvereistes	No prerequisites.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Eenheid vir Akademiese Gelett
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

This module intends to equip students to cope more confidently and competently with the reading and understanding of a variety of texts, to apply these skills in a variety of contexts and to follow the conventions of academic writing.

Academic literacy for Humanities 125 (ALL 125)

Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	No prerequisites.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Eenheid vir Akademiese Gelett
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

This module equips students to understand and use a range of discipline-specific terminology; apply the strategies of critical and comprehensive reading to their own academic literacy; apply the conventions of academic writing to their own writing, using the process approach, to produce intelligible academic texts and use the correct referencing technique as required by the faculty.

Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121)

Modulekrediete	4.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Teologie Fakulteit Veeartsenykunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, Mamelodi
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Informatika
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Pas effektiewe soekstrategieë toe in verskillende tegnologiese omgewings. Demonstreer die etiese en regverdige gebruik van inligtingsbronne. Integreer 21ste-eeuse kommunikasie met die bestuur van akademiese inligting.

Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111)

Modulekrediete	4.00

Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Teologie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	Mamelodi, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Vind, evalueer, prosesseer, bied inligtingbronne aan en bestuur hulle vir akademiese doeleindes deur die gepaste tegnologie te gebruik.

Akademiese oriëntasie 110 (UPO 110)

Modulekrediete	0.00
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Gesondheidswetenskappe Dekaan
Aanbiedingstydperk	Jaar

Kernmodules

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 115 (JMB 115)

Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die module fokus op die aanleer en praktiese toepassing van basiese swemtegnieke asook aspekte van reddingswem. Motoriese vaardighede en spele binne skoolverband geniet ook aandag.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 125 (JMB 125)

Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.

Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

In die module maak die student kennis met die bou en werking van stelsels in die menslike liggaam. Klem word gelê op die skeletstelsel asook die spierstelsel. Studente verwerf ook kennis en vaardigheid in aspekte van bestuur, veral organisasie in sport.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 126 (JMB 126)

Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Module-inhoud

Vaardighede in mini-hokkie en hokkie word aangeleer en ingeoefen. In atletiek word aandag geskenk aan die verwerwing van vaardighede in verskeie baanitems.

Fundamentele fisiologie 156 (SMC 156)

Modulekrediete	6.00
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Die sel, bio-energie, spiersametrekking, en respirasie.

Grondslae van rekreasie- en sportbestuur 111 (SRM 111)

Modulekrediete	12.00
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Hierdie module verskaf 'n breë inleiding tot sport en rekreasie as produkte in die mark. Die aard van en verskille tussen sport en rekreasie, beleid, planne strategieë en strukture in Suid-Afrika en Sone VI in Afrika word geïdentifiseer en bespreek. Die rol, betekenis en dinamiese aard van rekreasie- en sportbestuur word bekendgestel en bespreek. Klem word geplaas op die basiese bestuurstake en -funksies van beplanning, organisasie, leiding en kontrole in sport- en rekreasiekontekste. Hierdie module voorsien 'n basis van bestuurkennis en -vaardighede waarop opeenvolgende modules en interdissiplinêre kennis in sport- en rekreasiebestuur berus.

Fundamentele anatomie 155 (SMC 155)

Modulekrediete	6.00
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Oriëntasie en terminologie, beenagtige weefsel en skeletale strukture, aksiale skelet, appendikulêre skelet, en kardiorespiratoriese sisteem.

Fundamentele voeding 143 (EXE 143)

Modulekrediete	6.00
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 3

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
*Aangebied deur die Departement Mensvoeding vir die Biokinetika, Sport- en Vryetydwetenskap-studente
Voeding en gesondheid, vertering, absorpsie en metabolisme, koolhidrate, vette, proteïene, energiebalans en liggaamsmassabeheer.

Sportpraktikum (Basies) 150 (PRC 150)

Modulekrediete	16.00
Kontaktyd	5 praktiese sessies per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Sportspesifieke vaardighede, spansituasies, reëls en regulasies, skeidsregters, spel-analise, afrigting.

Fundamentele biomeganika 157 (SMC 157)

Modulekrediete	6.00
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Die module fokus op die biomeganiese beginsels betrokke by menslike voortbeweging en sportaktiwiteite. Dit behels 'n studie en ontleding van die vorme van menslike beweging, liniêre en hoekkinetika , en vloeistofmeganika.

Menslike bewegingstudies en sportbestuur 114 (JMB 114)

Modulekrediete	8.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Geesteswetenskaplike Opvoedkun
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Module-inhoud

Die doel van fisieke aktiwiteite asook teorieë en filosofieë van beweging word bestudeer. Daar word ook gefokus op afrigting van die jong atleet en verbandhoudende uitdagings wat aan die onderwyser as afrigter gestel word. Die belangrikheid van beplanning as eerste fase van sportbestuur word beklemtoon.

Oefening en inoefeningsbeginsels 142 (EXE 142)

Modulekrediete	6.00
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 2

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Inleiding tot fisieke fiksheid, multidimensionele aard van fisieke fiksheid, sportspesifieke vs gesondheidsverwante fiksheidskomponente, fisiologiese invloed van oefening en toepassing van inoefeningsbeginsels.

Motoriese leer 144 (EXE 144)

Modulekrediete	6.00
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik

Aanbiedingstydperk	Kwartaal 4

Module-inhoud

*Geslote – departementele keuring vereis
Beoordeling en analisering van menslike motoriese groei en ontwikkeling in gewone bevolkings. Groei, rypheid, fisieke aktiwiteite en prestasie van kinders en adolossente deur die ontwikkelingsfases van geboorte tot jong volwassenes.

Sportbeserings 141 (EXE 141)

Modulekrediete	6.00
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Aanbiedingstydperk	Kwartaal 1

Module-inhoud

*Geslote – vereis departementele keuring
Biomeganiese faktore, oorsake van beserings, sagteweefselbeserings, eerstehulp (RICE), massering, verbinding, en KPR.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.